Geagte Oudskoliere

Ons beoog om die Oudskoliere Bond in 2009 te laat herleef en daarom het ons alle Oudmalherbiete se samewerking, entoesiasme en ondersteuning nodig ten einde hiervan ‘n sukses te maak.

Die mikpunt is om die Oudskoliere Bond (DV) in Maart 2009 weer te aktiveer met behulp van ‘n wettig verkose komitee.

Ter voorbereiding van die Maartvergadering en gevolglike stigting, het ons soveel as moontlik inligting rakende oudleerders nodig.

Ons sal dit waardeer indien u hierdie elektroniese nuusbrief kan aanstuur na alle oudleerders in u adresboek. Tweedens versoek ons u om die skool asseblief van e-pos adresse van oudleerders te voorsien sodat ons met soveel as moontlik oudleerders kan kontak maak en in kontak bly!

U kan alle korrespondensie rig aan Christo Scriven. Christo is die bemarker en sportorganiseerder by die skool. Christo is ook gereed om deur middel van “Face Book” kontak met u te maak.

Christo se e-pos adres is: dfmsport@telkomsa.net

Van die planne wat op hierdie vroeë stadium reeds in die vooruitsig gestel is, is om op ‘n gereëlde basis met alle oudleerders via elektroniese pos kontak te hou. Die gedagte van ‘n oudleerdernaweek is ook reeds genoem. Dit is alles dinge waaraan die ter stigte komitee aandag in 2009 kan gee. Indien u enige voorstelle of idees het, is u welkom om ons te laat weet. U bydrae sal baie waardeer word.

Die D.F. –gemeenskap sien ook uit na die oudleerders se ondersteuning ten opsigte van die Mercedes-projek wat hierdie jaar geloods is. Meer hieroor sal op die Maartvergadering bespreek word. U kan intussen die skool se webwerf vir meer besonderhede besoek.

Vriendelike DF Groete

P. Hauman
(skoolhoof)

Webadres: www.dfmalherbe.co.za

Algemene epos adres: dfm@telkomsa.net

Skoolhoof: dfmhoof@telkomsa.net

Adjunkhoof: dfmadjunk@telkomsa.net